


Grafsteen van Dr. W.H.J. Punt, 1900-1981, op die begraafplaas aan die Rebekkastraat in Pretoria-Wes. Die inskrif "Stigter Genootskap Oud-Pretoria 1948" is in 1986 bygevoeg volgens die wens van die Genootskap se bestuur.
Foto: Frik Dreyer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## MOONTLIKE VOORBEELDE VAN REISACHER SE SKILDERYE VAN DIE TWEEDE ANGLO-BOERE-OORLOG 1899-1902 (3)

**deur C. de Jong**

### Derde skildery: Die slag op die Spioenkop

Die voorbeeld van die Duitse oorlogskilder Sylvester Reisacher vir sy groot skildery van die bekende slag op die Spioenkop by die Tugela in Noord-Natal op 24 Januarie 1900 is moontlik die tekening van Frank Craig. Dit is gemaak volgens 'n skets van 'n Britse offisier wat miskien aan die slag deelgeneem het. Dit is 'n bekende tekening en gereproduseer in onder meer H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria, A history of the Boer War 1899-1900,* deel een, Harmsworth Brothers, Londen 1900, p. 299. Ek vind dit moontlik dat Reisacher hierdie bekende, ruim geïllustreerde werk van vyf dele gebruik het.

Reisacher se werk toon die stormloop van die Britte op die Boere wat die noordhelling van die Spioenkop beklim en skuiling agter 'n rantjie links gesoek het. Die skilder beeld ook hier die Britse soldate in groepe dig by mekaar in opmars of in aanval af. Hulle is blootgestel aan die geweer- en kanonvuur van die Boere wat hulle afmaai. In werklikheid het die Britte selde tydens die geveg gestorm en meestal skuiling gesoek in ondiep loopgrawe of agter klippe.


Opvallende gestaltes op die skildery is die offisier - volgens Ton Hennings met rede aangedui as kolonel Crofton van die elfde brigade[1] wat met 'n bekende gebaar sy manskappe vorentoe na die vyand wys, die trompetter wat die sein tot die aanval blaas, en regs op die voorgrond 'n interessante groep van drie Britse seiners, waarvan een 'n seinvlag hanteer. H.W. Wilson het 'n foto van so'n seiner met vlag opgeneem in deel een, p. 303.

Die opvallende figure van Reisacher se werk ontbreek op Craig se tekening. Daar is die volgende ooreenkomste. Op die voorgrond van albei afbeeldings sien ons die wegdra van Britse gewondes. Op albei afbeeldings is die bergtop in rookwolke van ontploffende granate gehul. Die granate is afkomstig van die Boerekanonne, deur die skilder regs op die agtergrond met rookpluime afgebeeld.[2] Dié geskut was op die Aalwynkoppie (Aloe Hill) opgestel en het die Britte op die Spioenkop met dodelike noukeurigheid beskiet. Die kanonne is met rookpluime ook regs op Craig se tekening aangedui, hoewel hulle met rooklose kruit geskiet het. Die vroeë môrelig beskyn stemmingsvol die bergtoppe terwyl die agterkant daarvan nog in die skaduwee lê.

1. Ton Hennings, *Vyf Skilderye oor die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902.* uitgegee deur die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelug-Museum, Pretoria 1976, p. 11. Kolonel M.E. Crofton was in bevel van die Royal Lancasters op die Spioenkop.
2. Hennings skryf op p. 11 regse kolom per vergissing links (op die skildery).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Skildery van die Duitse oorlogskilder Sylvester Reisacher van die geveg op die Spioenkop in Noord-Natal op 24 Januarie 1900, aanwesig in die Nasionale Kultuurhistoriese en Opelug-Museum (NASKO) te Pretoria. Foto: NASKO

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



THE SCENE ON SPION KOP—MAJOR THORNEYCROFT'S DESPERATE SITUATION.

Drawing by Frank Craig from a Sketch by a British Officer.

Bekende tekening van Frank Craig volgens 'n skets van 'n Britse offisier van die geveg op die Spioenkop op 24 Januarie 1900. Die stryd is nie met stormlope gevoer soos afgebeeld is nie, maar vanuit loopgrawe en klipverskandings.

Bronne: H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria*, deel 2, Londen 1901, en Louis Craig, *South Africa and the Transvaal War*, deel 3, Edinburgh 1900, teenoor p. 116.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services



Mr. Dr. Horace Hugo Alexander van Gybland Oosterhoff,
1887-1937, stryder vir God, die Nederlandse Ryk en Oranje



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

# TER HERDENKING VAN DR. H.H.A. VAN GYBLAND OOSTERHOFF, SKENKER VAN DIE ORANJEVERSAMELING IN DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

**deur C. de Jong**

Die Universiteit van Pretoria (UP) bewaar 'n versameling voorwerpe en dokumente betreffende die Nederlandse vorstehuis van Oranje-Nassau. Ek vermoed dat dit die grootste versameling oor Oranje buite Nederland is - stellig die grootste op die Suidelike halfrond. Dit is byeengebring deur 'n Nederlander, Dr. Horace Hugo Alexander van Gybland Oosterhoff, deur hom aan die Universiteit van Pretoria bemaak en later deur sy suster Louise uitgebrei. Hy was 'n groot vriend van Suid-Afrika en het ons land in 1932 besoek. Daarom herdenk ons in 1987 sy geboortejaar, 100 jaar gelede.

Hy is gebore te Salatiga op Java op 26 Mei 1887. Hy was 'n seun van Wybe Jacobus van Gybland Oosterhoff en Diane Susanne Frédérique Neys. Sy vader was 'n Fries, gebore te Marssum in Friesland op 26/1/1842, geneesheer en offisier van gesondheid in die Koninklijk Nederlandsch-Indische Leger (KNIL). Hy het gedien in Tjilatjap op Java, Kota Radja in Atjeh, Salatiga op Java en Batavia. Hy was ridder in die Militaire Willemsorde 4de klas - die hoogste militaire onderskeiding in die Nederlandse kolonies uitgereik. Hy is na 'n eervol loopbaan in 1890 gepensioneer en het hom met sy gesin in Nederland gevestig. Hy is op 8 April 1923 in Den Haag oorlede. Hy het in Tjilatjap in 1876 met Mejuffrou Neys getrou. Sy is in 1854 te Kediri, Java, gebore. Van hul drie kinders het Horace en Louise volwasse geword.[1]

Hoewel Horace se moeder geen Friesin was nie, was sy aard Fries. Die Friese is die Skotte van Nederland en staan bekend om hul energie, uitgesproke oortuigings en intense Friese en/of Nederlandse nasionalisme. Talle Friese het leidende betrekkings in Nederland en sy kolonies beklee en dit is nog die geval in Nederland. Ek reken tot hulle ook Oosterhoff.

Hy het die gimnasium in Haarlem besoek en regte in Amsterdam en staatswetenskap in Utrecht gestudeer. Ná sy eerste doktoraat op 26 Januarie 1909 in Amsterdam word hy amptenaar in die afdeling Arbeid van die Ministerie van Landbouw, Nijverheid en Handel in Den Haag. Hy verwerf sy tweede doktorstitel in Utrecht op 23 Mei 1911.[2]

In Augustus 1914 breek Wêreldoorlog I uit. Hy is benoem tot adjunksekretaris en feitlike beheerder van die Koninklijk Nederlandsch Steuncomité, 'n amptelike hulporganisasie. Hy was te ondernemingslustig om staatsamptenaar te bly en het in Junie 1916 werknemer van die Bataafsche - later Koninklijke - Petroleum-Maatschappij, wat met Shell saamgesmelt het, geword. In opdrag van dié Maatschappij het hy in 1916-17 'n wêreldreis gemaak en daarop die regering van Nederlands Oos-Indië oor 'n nuwe mynwet geadviseer. In 1918 het hy hoof van die afdeling Algemeene Zaken en private sekretaris van Dr. Hendrik Colijn geword. Colijn was direkteur van die "Koninklijke" (KPM) en later minister en eerste minister namens die grootste Protestantse party, deur Dr. Abraham Kuyper gestig.[3] Oosterhoff het saam met Cornelis Plokhooy, oudstryder uit die Anglo-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Boere-oorlog en later joernalis in Pretoria,[4] en nog vier medestanders[5] in November 1918 in Den Haag 'n aksiekomitee teen rewolusionêre agitasie van die sosialiste gestig. Hulle het die plaaslike Landstorm (milisie) opgeroep. Die resultaat was 'n massale betoging om die gesag van koningin Wilhelmina te steun.

Die KPM het hom in 1920 tot bestuurder van sy dogtermaatskappy "La Corona" in Mexicostad benoem. Hy het vier baie interessante jare in Mexiko deurgebring. In 1924 keer hy na Nederland terug en word hy sekretaris van die Ondernemersraad van Suriname (in Nederlands Wes-Indië) en voorsitter van die Nederlands-Mexicaanse Kamer van Koophandel - funksies wat hom nie voltyds besig gehou het nie. Hy was in 1924-25 medestigter van die Fakulteit vir Indologie (studie van Nederlands Oos- en Wes-Indië) in die Universiteit van Utrecht. Dit is die "olie-fakulteit" genoem omdat die KPM dit gesubsidieer het as teenwig teen die fakulteit vir Indologie in Leiden wat "eties" was en Oos-Indië los van Nederland wou maak. Oosterhoff is benoem tot sekretaris van die oliefakulteit en was die stukrag daarvan.

Sy uitgesproke regse, nasionalistiese, koningsgesinde en antisosialistiese oortuiging het hom in die politiek gebring. Hy was een van hulle wat in 1920-40 gepleit het vir versterking van die nasionale gees, die monargale gesag en die bande met die kolonies. Hy was medestigter van die weekblad *De Rijkseenheid* wat vanaf Oktober 1929 verskyn het en waaraan hy veel bygedra het. Hy was aktiewe lid van die regs-Protestantse party die Christelijk-Historische Unie.

Die jare 1918-1939 was woelige jare in die oënskynlik kalm Nederland. Die sosialisme en denasionalisering het veld gewen. Reaksies daarteen was die beweging vir Rijkseenheid en die fascisme. Die Groot Depressie het swaar getref en omvangryke werkloosheid veroorsaak. Die dreiging van Hitler-Duitsland teen Nederland en van Japan teen Oos-Indië het akuut geword. In Nederland en sy kolonies het linkse woelinge voorgeval.[6] Om daarteen wal te gooi is in Februarie 1933 die Verbond voor Nationaal Herstel gestig. Oosterhoff was medestigter. Die Verbond het vanaf Maart 1933 die tydskrif *Nationaal Herstel* gepubliseer. Oosterhoff was hoofredakteur en die stukrag daarvan. Die Verbond het deelgeneem aan volksraadsverkiesings in 1933 en in 1933-37 een setel gehad. Daarna het die kiesers bevrees vir uiters regse bewegings geword en die Verbond se volksraadslid nie herkies nie. Die Duitse besetter van Nederland het die Verbond op 31 Oktober 1940 ontbind.

Oosterhoff het buite die Parlement gebly. Hy het ook deelgeneem aan die internasionale bestryding van die kommunisme. Hy was 'n warm voorstander van die Groot-Nederlandse gedagte en die Dietse stamverwantskap. Hy het die Afrikaners as lede van Groot-Nederland en van die Dietse stam beskou, oor die geskiedenis van Suid-Afrika gelees, onder meer die populêre jeugverhale vol Boerehelde van Louwrens Penning, en graag 'n reis na Suid-Afrika onderneem. Hy het in 1932 'n verslag van dié reis gepubliseer en ek sal straks daarop terugkom.

Hy sterf op 21 Januarie 1937 plotseling, 50 jaar oud, aan buikvliesontsteking. Sy talle vriende het sy dood diep betreur en hy is met baie groot belangstelling ter ruste gelê op die begraafplaas Oud Eik en Duinen by Den Haag. Hy het naamlik na sy terugkeer in Nederland by sy moeder en suster op Stad-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

houderslaan 2 in die hofstad gewoon. Hy was nooit getroud nie.

Sy vriende het hom in hul nekrologieë[7] wilskragtig, baie aktief, opreg, somtyds bruusk en ondiplomatiek maar nie haatdraend nie, ietwat seunsagtig en 'n Christen met eenvoudige geloof genoem. Sy sinspreuk was "Christus solus mea rupes - Christus alleen is my rots". Hy was 'n onvermoeide stryder vir God, Groot-Nederland en Oranje.

Hy het volgens sy vriende te vroeg gesterf, maar sy vroeë dood het hom waarskynlik oorstelpende ellende bespaar. Hy het nie die Duitse besetting van Nederland 1940-45, die Japanse besetting van Nederlands Oos-Indië 1942-45, die bloedige opstand van die Indonesiese nasionaliste ná die oorgawe van Japan en die verlies van Oos-Indië deur die erkenning van die republiek Indonesië in 1949 beleef nie. Dit alles sou hom hewig aangegryp het. Hy sou waarskynlik 'n leidende plek in die ondergrondse verset teen die Duitsers ingeneem en moontlik deur hulle tereggestel geword het.

**Oosterhoff se besoek aan Suid-Afrika**

Hy het tydens sy reis deur Suid-Afrika daaroor berig in briewe wat in sy blad *De Rijkseenheid* afgedruk is en wat onder die titel *Indrukken van een reis naar Zuid-Afrika* in 1933 deur C. de Boer Jr. in Den Helder uitgegee is.

Hy het met die Edinburgh Castle op 6 Julie 1932 te Kaapstad aangekom en was daar gas van oudminister Senator F.S. Malan. Hy het die Algemeen Nederlands Verbond toegespreek oor die gevaar van die bolsjewisme (soos die kommunisme van die USSR toe genoem is) vir Suid-Afrika met sy groot gekleurde bevolking.[8] Met Jonkheer van Lennep, sekretaris van die Nederlandse gesantskap in Suid-Afrika, het hy per outo oor Stellenbosch langs die kus na Durban en oor Newcastle en Heidelberg na Pretoria gery. Hier was hy die gas van Dr. Lorentz, die Nederlandse gesant. Hy het 13 dae in Rhodesië deurgebring en noem die Victoriawaterval een van die sewe wonders van Suid-Afrika. Terug in Pretoria het hy lesings oor die bestuur van Nederlands Oos-Indië in die Universiteit van Pretoria gegee en daar die in 1931 gestigte Nederlands Cultuurhistorisch Instituut besoek. Die hoof daarvan, prof. M. Bokhorst, het hom daaroor ingelig. Hy het gesprekke gevoer met die eerste minister J.B.M. Hertzog, generaal J.C. Smuts in sy huis te Irene, Mnr. J. Postmus, president van die S.A. Reserwebank, sy ou vriend C. Plokhooy en andere. Hy het die nedersetting van Nederlandse boere te Wonderfontein by Potchefstroom wat 'n paar jaar later ontbind is, Johannesburg en Bloemfontein besoek en by die Vrouemonument 'n blommekrans namens die Nederlandsch Nationaal Jongerenverbond gelê. Opvallend is die rus en vrede wat hy in die Unie en Rhodesië gevind het. Hy het die viering van koningin Wilhelmina se verjaardag in Pretoria bygewoon en saans per trein na die Kruger Wildtuin vertrek. Daar was sy metgesel Mnr. Albert Kuit, kommissaris van die S.A. Spoorweë en Hawens. Op 4 September het hy in Lourenço Marques skeepgegaan en deur die Suezkanaal na Europa gevaar

Hy prys die grootse Natuur, sonskyn, sterrehemel, ruimte en wildrykdom in Suid-Afrika en sien daarin ooreenkomste met Mexico. Hy het die voorindus-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

triële Suid-Afrika gesien. Hy noem vraagstukke wat toe brandend was, maar nou verdwyn het, naamlik die armblankevraagstuk (in 1932 op sy ergste), die goudstandaard (wat kort daarna prysgegee is), die agterstand van Afrikaners by Engelstaliges en die afskeiding van Natal van die Unie. Ander vraagstukke wat hy vermeld, is tans netso aktueel as destyds, te wete die swartes, droogte, waterskaarste en swaar ekonomiese depressie.

Hy verwys na die Hollanderhaat tydens die Zuid-Afrikaansche Republiek en die verdwyning daarvan ná die oorlog 1899-1902 (myns insiens verklaarbaar weens die opheffing van die Nederlanders se bevoorregte posisie in Transvaal). Dis verstaanbaar dat hy pleit vir die handhawing van die Nederlandse taal en kultuur in Suid-Afrika.[9]

Sy opvattings was dié van 'n regse politikus. Hy beskou die blankes as kundiger as die meeste gekleurde volke en pleit vir langdurige blanke bestuur van die kolonies en vir stadige voorbereiding van selfbestuur in Oos-Indië. Hy waardeer in hierdie verband die Bunga in Transkei. Die blankes het die kolonies ontwikkel en besit daarom die "auteursrecht" oor die kolonies en moet die gekleurdes regverdig en billik bestuur. Hy beskou Suid-Afrika as 'n "blankenland", – hoewel die meerderheid van die bevolking daar gekleurd is, – omdat blankes die land ontwikkel het. Hy stem saam met generaal Hertzog se segragasiebeleid.

Sy opvattings behoort nou tot 'n vorige tydperk en sou in Nederland as reaksionêr en moontlik as dié van 'n rassis, fascis, kolonialis en imperialis beskou word. Ander tye, ander opvattings. Maar sommige van sy menings was profeties, byvoorbeeld sy mening dat die kommuniste die gekleurdes in Suid-Afrika sou aanspoor tot optrede teen die blanke oorheersing. –

'n Stigting is gevorm om sy nagedagtenis in ere te hou deur toekenning van 'n goue erepenning vir prestasies wat die Groot-Nederlandse strewe sou bevorder. Die penning is virsover ek weet eenmaal uitgereik.[10] Vermoedelik het die Stigting in en na Wêreldoorlog II onaktief geword, ook omdat hy deur die meeste amper vergeet is.

**Die Oranje-Nassauversameling in Pretoria**

Hy het sy uitgebreide, unieke versameling oor die vorstehuis van Oranje-Nassau aan die Universiteit van Pretoria bemaak. Sy suster Louise het daarby in 1947 haar versameling "Oorlog en besetting in Nederland 1940-45" en in 1949 Horace se boekery oor Nederlands Oos- en Wes-Indië, deur haar aangevul met dokumente oor Indonesië in 1937-49, gevoeg. Haar aandag vir sy versameling bewys haar piëteit jeens Horace. Ook sy het nie getrou nie.

Sy talryke dokumente is geskenk aan die Algemeen Rijksarchief in Den Haag. Mnr. W.L.A. Roessingh van dié Argief het in 1975 'n uitvoerige inventarislys met 'n lewensbeskrywing van hom gepubliseer.[11]

Die versameling in UP word beheer deur die Departement Afrikaanse en Nederlandse kultuurgeskiedenis. Dit omvat ruim 2300 nommers en talryke soorte voorwerpe, ten dele curiosa. Daaronder trek die 348 gedenkborde en ander voorwerpe van porselein, die gedenkpennings en meubels die meeste aandag. Die dokumente in die versameling omvat talle prente en geleentheidsuitgawes.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Die inventarisering en ordening sal twee persone twee jaar besig hou.

'n Deel van die voorwerpe is by die volgende geleenthede uitgestal:

1948 by die 50-jarige regeringsjubileum van koningin Wilhelmina[12]

1980 in die Intersaal van die Ou Letteregebou, Universiteit van Pretoria, by die herdenking van koningin Wilhelmina se geboortejaar in 1880

1984 in dieselfde saal by die herdenking van die dood van Prins Willem I van Oranje in 1584

1986 weer in die Intersaal as inleiding van die geldinsameling om die Oranjeversameling blywend uit te stal.[13]

Die uitstallings in 1980 en 1984 is ingerig deur studente in museumkunde, 'n kursus wat deur prof. P.G. Nel van UP ingestel is, met medewerking van Robert C. de Jong, oudstudent van prof. Nel. Die uitstalling van 1984 is weer vertoon in die Randse Afrikaanse Universiteit in 1986 ter geleentheid van die stigting van Johannesburg 100 jaar gelede.

Die Oranje-Nassauversameling in UP is 'n waardevolle herinnering aan 'n toegewyde Nederlander en groot vriend van Suid-Afrika.

**Verwysings** (Met dank aan mej. Marie van Heerden, Dept. Afrikaanse en Nederlandse Kultuurgeskiedenis, UP).

1. *Nederlands Patriciaat*, jaargang 24, 1938, p. 222-223, met portret van H.H.A. van Gybland Oosterhoff. 'n Noot deel mee dat Wybe by Koninklijk Besluit van 8 Mei 1911 toestemming bekom het om die naam Van Gybland aan sy van Oosterhoff toe te voeg.
2. 'n Beknopte lewensbeskrywing van H.H.A. van Gybland Oosterhoff met bibliografie staan in *Biografisch Woordenboek van Nederland*, deel een, M. Nijhoff, Den Haag, 1979, p. 433-434.
3. Dit is die Anti-Revolutionaire Partij wat 'n paar jaar gelede saamgegaan het met die Christelijk-Historische Unie en die Katholieke Volkspartij in die Christelijk-Democratische Actie.
4. Kyk oor Cornelis Plokhooy die artikel van Dr. Jan Ploeger in die *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, en van P.W.A. Mulder in die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek*, deel 4, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en Butterworth, Pretoria-Durban 1981, p. 165-166.
5. Een van die vier was Frederik Carel Gerretson, in 1918 as kollega van Oosterhoff as private sekretaris van H. Colijn aangestel, later professor in die koloniale geskiedenis van Nederland in die fakulteit Indologie te Utrecht, medestander in die Verbond voor Nationaal Herstel en na Wêreldoorlog II regse politikus en Senator. Hy het talle historiese werke gepubliseer en was onder die skrywersnaam Geerten Gossaert een van die belangrikste Protestantse digters in ons eeu in Nederland; hy het Afrikanerdigters, onder wie N.P. van Wyk Louw, kragtig beïnvloed.
6. In Nederland die oproer in die Amsterdamse volkswyk de Jordaan in Julie 1934, Suriname 1931 en 1933 en Oos-Indië 1932, waar die muitery op die kruiser "De Zeven Provinciën", gevolg deur aksie teen die muiters



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

en hul oorgawe,voorgeval het.

7. Kyk *Nationaal Herstel,* jaargang 5 no. 2, 29 Januarie 1937, p. 1-4, *Nationaal Herstel,* jaargang 5 no. 3, 13 Februarie 1937, p. 1, en *De Rijkseenheid* jaargang 8, 27 Januarie 1937, p. 1.
8. 'n Verslag van die lesing het verskyn in *Hollands Weekblad voor Zuid-Afrika,* jaargang 2, no. 17, Pretoria 1932, p. 12-13; die verslaggewer vind sy bespreking van die bolsjewisme ietwat vaag en oppervlakkig.
9. Oosterhoff het mondeling 'n oorsig van sy besoek aan Suid-Afrika gegee op die jaarvergadering van die Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging op 20 Mei 1933 te Amsterdam, gepubliseer in *Zuid-Afrika,* maandblad van die Vereniging (NZAV) en die Zuid-Afrikaansche Stichting Moederland, jaargang 10 no. 6, Junie 1933, p. 86-87.
10. *Nationaal Herstel,* jaargang 6, 31 Augustus 1938, p. 1, met foto's van die penning.
11. W.L.A. Roessingh, *Inventaris van het archief van Mr. Dr. H.H.A. van Gybland Oosterhoff en van enige van zijn familieleden in het Algemeen Rijksarchief (ARA),* uitgegee deur die ARA, Den Haag 1975.
12. "De Oranje-versameling van het Nederlands Cultuurhistorisch Instituut te Pretoria", in *Zuid-Afrika,* jaargang 28 no. 11, November 1948, p. 102; die Oranjeversameling behoort egter nie aan die Nederlands Cultuurhistorisch Instituut nie, maar aan die Universiteit van Pretoria.
13. Kyk die brosjure *Tentoonstelling Prins Willem I van Oranje-Nassau, Intersaal, Ou Letteregebou, U.P., 27 Julie - 31 Augustus 1984,* herdruk in C. de Jong, *Onder die ban van die Prins, Verslag van die herdenking van Prins Willem I van Oranje se sterfdag 10 Julie 1584* (ens.), Pretoria 1985, p. 22-30.

## SKOOLTUINEKOMPETISIE 1986

Sestien skole (11 Afrikaans en 5 Engels) het in 1986 vir die skooltuinekompetisie van die Genootskap Oud-Pretoria ingeskryf.
Die wenners is die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| 1ste prys | : | Laerskool Voorpos, Waverley |
| 2de prys | : | Laerskool Fleur, Verwoerdburg |
| 3de prys | : | Laerskool Mayville, Mayville |
| 4de prys | : | Christian Brothers College (Mount Edmund) |

Droogtetoestande het in 1986 geheers, maar na die goeie reëns wat Pretoria sedertdien gehad het, vertrou ons dat baie meer skole aan 1987 se kompetisie sal deelneem.

Mev. S.W. Jacobs



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

## VERSOEK AAN LEDE EN OUDLEDE VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING

Die Bestuur bied volgens die kennisgewing op die eerste bladsy van *Pretoriana* eksemplare van vroeëre uitgawes van *Pretoriana* teen besonder billike prys te koop aan, maar wil ook graag van dié eksemplare ontvang. Sommige van die ou uitgawes het naamlik in die Bestuur se voorraad skaars geword of ontbreek. Indien lede en oudlede van ons Vereniging van eksemplare van *Pretoriana* ontslae wil raak, geliewe u die sekretaresse op telefoon 703 052 te skakel.

Dr. N.A. Coetzee, ons Voorsitter, sal graag die nommers 1, 2, 42, 43, 44, 47, 77, 78, 79 ontvang. Sy telefoon is 463 142, Julius Jeppestraat 246, Waterkloof, 0181 Pretoria.

Die Bestuur betuig aan die skenkers van ou nommers van *Pretoriana* sy welgemeende dank.

Die redakteur van *Pretoriana*

Digitised by the University of Pretoria, Library Services

VICTORIA DRUKKERY PRETORIA

Digitised by the University of Pretoria, Library Services